A 3.1.4 LIDMAATBEMAGTIGING (ATLB)

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Dr.Dewald Davel (Oos-Kaap / sameroeper)
Ds.JvZ Greyling (Noord-Kaap)
Ds.Theo Oosthuizen (Vrystaat)
Ds.Awie Erxleben (KZN)
Dr.Kobus Niemand (Goudland)
Mnr.Amos Schreuder (Noordelike)
Dr.Gys Loubser (Hoëveld)
Ds.Johannes Maritz (Namibië)
Ds.Elsché Eygelaar (Wes-Kaapland)

2. ONS KYK TERUG

2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

Die kerk is 'n gestuurde gemeenskap wat ter wille van elke lidmaat se diensbaarheid aan die wêreld bestaan. Die enigste manier waarop die kerk gehoorsaam kan wees aan die opdrag om 'n verskil te maak, is deur die aktivering en bemagtiging van elke lidmaat.
Gemeentes moet lidmate ondersteun en toerus sodat hulle 'n positiewe verskil in die gemeenskap kan maak. Lidmate moet gemobiliseer word om dissipels te wees wat dissipels maak!

In 2011 is die nodige wysigings aan Art.55 van die Kerkorde reeds goedgekeur, om uitdrukking te gee aan die vrugte van die werk van hierdie taakspan.

Vorige besluite en opdragte van die Algemene Sinode / ASM

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

Lidmaatbemagting bied praktiese bedieningshulp aan gemeentes, wat lidmate help om:
* hulle rol en plek binne die gemeente en wêreld te verstaan
* hulle gawes te ontdek
* hulle toe te rus en te begelei tot volwasse dissipelskap
sodat hulle ten volle as deel van die Liggaam van Christus kan funksioneer.

2.3 WAAROOR IS ONS DANKBAAR, WAAR HET ONS GEVORDER, HOE GEBRUIK DIE HERE REEDS DIE NG KERK?

In 'n redelike mate het die taakspan daarin geslaag om die gemelde doelwitte te realiseer.
* Rimpels DVD reeks is steeds by Bybelmedia beskikbaar
* In verskeie artikels in Kruisgewys en Kerkbode is die plek en rol van lidmate in gemeentes en gemeenskap uitgelig. Daar is aan die hand van voorbeelde gewys hoe bemagtigde lidmate 'n verskil maak in hulle onderskeie gemeentes.
* Gemeentes is aangemoedig om bewese en nuwe materiaal m.b.t. die ontdekking van gawes en roeping te gebruik. Die nuutste was die materiaal uit Goudland – "Vind jou hoed".
* Verskeie sinodes het meegewerk aan die ontwikkeling van opleidingsmateriaal vir die toerusting van ouderlinge om eredienste te kan lei. Die proses het in die Oos-Kaap ontkiem en het uiteindelik onder leiding van die Algemene Kuratorium in 'n volledig geakkrediteerde kursus te Hugenote Kollege ontwikkel.

3. INSIGTE UIT DIE WOORD, TEOLOGIE, NAVORSING

3.1 BYBELSE GETUIENIS

Bemagtiging is nie net nog 'n program in die kerk nie- it's a way of being the church.

Indien die kerk werklik ‘n verskil in die wêreld wil maak sal daar baie sterker op die bemagtiging van gewone lidmate en gestuurdheid gefokus moet word. Elke gelowige ontvang tog die roeping om die Goeie Nuus te versprei en dissipels van mense te maak?
Die eerste gemeente in Handelinge was ‘n beweging van gewone mense wat van Jesus getuig het, God geprys het, en na mekaar omgesien het. Die resultaat van so ‘n liefdevolle en begeesterde geloofsgemeenskap was uitsonderlike groei en die impak op gemeenskapsverandering.

3.2 INSIGTE UIT DIE TEOLOGIE

Met die groot klem op ampswerk is lidmate nie altyd bemagtig om hulle eie dienswerk te verrig nie. Elke lidmaat kan gehelp word om sy/haar gawes te ontdek, te ontwikkel en te leer gebruik. . Lidmate is nie toeskouers nie, maar medewerkers in die koninkryk wat vir diens toegerus moet word.
Leraars word vir die bediening afgesonder, om die Woord te bedien en die ander gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die opbou van die liggaam van Christus. (Ef 4:11-13) Die primêre rol van predikante is dus die geestelike opbou en toerusting van lidmate vir hulle eie roeping. Bemagtiging is dus nie net nog ‘n program in die kerk nie – “it is a way of being the church”. (The equipping Church- Sue Mallorey)

Waar lidmate bemagtig word, word dit ook buite die mure van die kerk sigbaar. Gelowiges infiltreer die samelewing daagliks waar talle geleenthede voorkom om Jesus te verteenwoordig. Gelowiges is gestuurdes na die wêreld. Na die uitstorting van HG op Pinkstersondag is die gemeente bekragtig. Petrus wat Jesus verrraai het, kon opstaan en ‘n preek lewer waar 3000 mense tot bekering gekom het. God maak van eenvoudige mense kragtige getuies ! Ons moet hulle net kans gee!

Deel van die oplossing is sekerlik dat ons lidmate meer sal bemagtig. Gemeentes wat ‘n impak op die omgewing maak en groei, het ‘n visie vir lidmaatbemagtiging. Sulke gemeentes verwelkom dit dat gewone lidmate saam met die predikant ‘n kragtige span vir Christus bou en hulle gawes gebruik! Elke lidmaat behoort aan die liggaam van Christus. Almal is geroep om ander mense te bedien met die liefde van Christus.

Waar lidmate bemagtig word, word dit ook buite die mure van die kerk sigbaar. Gelowiges infiltreer die samelewing daagliks waar talle geleenthede voorkom om Jesus te verteenwoordig. Gelowiges is gestuurdes na die wêreld. Na die uitstorting van HG op Pinkstersondag is die gemeente bekragtig. Petrus wat Jesus verrraai het, kon opstaan en ‘n preek lewer waar 3000 mense tot bekering gekom het. God maak van eenvoudige mense kragtige getuies ! Ons moet hulle net kans gee!

4. HOE DAAG HIERDIE INSIGTE ONS UIT?

Die dalende getalle mbt lidmaatskap en erediensbywoning daag die kerk uit om antwoorde te vind op lidmate se dalende gevoel van verbintenis en roeping. Dit is die taakspan se mening dat beter toegeruste lidmate, veral mbt die ondekking van ‘n roepingsbewussyn en die ontwikkeling van ruimtes vir die uitlewing daarvan, deel van die antwoord is.

Wanneer lidmate beleef dat hulle meelewing en bydraes vir hulle die belewenis van betekenis inhou, word hulle in die proses ge-energeer. Gemeentes ontdek in die proses hulle eie roeping en betekenis en vorm gevolglik ‘n identiteit van gestuurdheid.

5. VERHELDER EN FOKUS: WATTER HELDERHEID KOM NA VORE?

5.1 HOE VERSTAAN ONS GOD SE ROEPING?

Dit het toenemend duideliker geword dat die verskil wat die kerk in ons wêreld moet maak in die hande van lidmate lê.

5.2 ONS STAAN SAAM VOOR GOD: WAT IS ‘N TOEPASLIKE REAKSIE?

‘n Gesindheid van afwagting op die leiding van die Heilige Gees en gevolglike gehoorsaamheid in die soeke na en die ontdekking van hulpmiddels en wyses van toerusting eindig nie hier nie. Die bewustheid van die feit dat daar nie eenvoudige en maklike antwoorde is nie, en die aanvaarding van die realiteit is broodnodig.

- Ons sê dankie vir die herondekking en ontwikkeling van die amp van gelowige.
- Ons treur oor die skynbare ontoereikende vlakke van geloofskennis en geloofsgroei onder ‘n groot persentasie van ons lidmate.
- Ons bely dat ons in ons toewyding gebroke en afhanklik bly.
- Ons vier ons geroepenheid, ons gebrokenheid ten spyt.
- God gee ons hoop deur ons opnuut bewus te maak van ons roeping en Sy begeleiding.

5.3 HOE VAL ONS IN BY GOD SE WERK?

Een saak het as ‘n belangrike prestasie-area na vore getree. Dit is duidelik dat lidmate nie genoegsaam toegerus en geskool is in verantwoordelike hermeneutiek nie. Dit is die onderliggende rede vir lidmate se “vereniging’ denkraamwerk m.b.t. die kerk, wat dienste aan lidmate moet lewer, en konsepte soos roeping en lojaliteit tot gemeentes ondergrawe. Duidelik het die verskuiwing in missionaliteit nog nie ‘n helder plek in die hermeneutiese raamwerk van lidmate gevind nie.

As daar nog ‘n taak m.b.t. lidmaatbemagtiging is wat aandag behoort te kry, is dit die hermeneutiese bemagtiging van lidmate. Sou die Algemene Sinode die oortuiging deel, sal die taakspan graag die opdrag ontvang.